**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 23/06 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Uit die kantoor:**
   Waar begin ons? Daar het so baie hierdie kwartaal gebeur wat ons weereens laat besef het dat die Here baie goed is vir ons skool. Ons het verskeie uitdagings (beurtkrag, gesondheid van leerders en personeel, ens.) ondervind, maar dit gehanteer as 'n leerproses.

   Dit is lekker om te sien ons kinders het gevorder en ontwikkel, vanaf die eerste dag wat hulle die skooljaar begin het op alle vlakke. Sekere grade het 'n hoër persentasie skuif gehad wat baie indrukwekkend is en ons leerders moet besef dat hulle alles kan vermag deur harde werk.

   Skool gaan oor ons kinders en die voorbereiding vir hul toekoms en ek kan met trots u verseker dat ons ten alle tye ons beste gee om geleenthede te bied vir vordering. Ons leerders het ook op ander gebiede ons skool se naam hoog gehou, soos aangedui in ons nuusbriewe, webblad en facebookblad.

   Ons sien uit na volgende kwartaal. Die program is lekker vol en gaan ons leerders besig hou met opvoedkundige aktiwiteite. Ek wil ons tema vir die jaar met julle deel, wat AANSPREEKLIKHIED is. Ons wil dit inskerp by ons leerders en versoek u vriendelik om aan u kind te verduidelik wat dit behels. Dit is belangrik dat ons dieselfde visie het en eendragtig alles saam aanpak as 'n gemeenskap.

   Dankie vir almal se ondersteuning en ek weet dat ons nog hoë hoogtes saam, as die Langkloofgemeenskap gaan bereik. Geniet die ruskansie en tyd met u gesin. God seën!

2. **Aanlyn-interskole-redenaarsliga:**
   Miencke Strydom (gr. 12) oortref haar by die aanlyn-nasionale redenaarskompetsie wat deur die Universiteit van die Witwatersrand aangebied is, met 'n gemiddeld van 92%. Sy dring na die finale rondte deur.

3. **Spelkompetisie: Graad 3:**
   Op Woensdag, 21 Junie, is 'n spelkompetisie vir die graad 3- leerders van die skole in die Langkloof aangebied. Vyf skole het elkeen hul topspellers gebring na hierdie geleentheid. Elke leerder moes 150 woorde geoefen het en hierdie woorde is op die dag gevra. Die volgende leerders het baie goed gevaar:

   | | |
   |---|---|
   | Derde plek: | Stefanie van Greunen |
   | Tweede plek: | Elijah Murphy |
   | Eerste plek: | Frané Strydom |

Die spelkompetisie was 'n reusesukses en dit gaan beslis 'n jaarlikse instelling word.

4. **<u>Merietelys – kwartaal 2</u>:**

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gr. 4:** | Nehan Johnston | Tertius Kritzinger | Jacobus Koorzen | Alexis Vermeulen | Stewart Wright |
| **Gr. 5:** | Nicky Muller | Eric Greeff | Waldo Strydom | Janko Murray | Alexander Baldie |
| **Gr. 6:** | David Baldie | Matthys Wright | Amoné Botha | Stefan Basson<br>Carys Mezina | Kauthar Sadien |
| **Gr. 7:** | Lilitha Ferreira | Alana Johnston | Ockert Koorzen | Le Roux Muller | Lienke Strydom |
| **Gr. 8:** | Robby Stamps | Luzaan Venter | Amish Roberts | Alex Kritzinger | Megan Le Vack |
| **Gr. 9:** | Shané Qwazi | Frané Manuel | Marlu Kritzinger | Lerissa Lubbe | Pravanya Zondagh |
| **Gr. 10:** | Ria-Mi Ferreira | Gerbri Ferreira | Anlea Ferreira | Andries Snyder | Aidan Boshoff |
| **Gr. 11:** | Emelee Smith | Elanie Kritzinger | Arné Oelofsen | Kara Roberts | Sese Khova |
| **Gr. 12:** | Miencke Strydom | Taryn Koelman | Sjanique Alberts | Anika Kritzinger | Janco de Kock<br>Adri van Wyk |

5. **<u>ATKV-Tienertoneel</u>:**
Die tienertoneelgroep neem op 9 Augustus by "The Lottle Theatre" in Port Elizabeth deel. Ons is trots om aan te kondig dat die volgende leerders vir die toneelgroep gekies is:

| <u>Akteurs</u>: | Elaine Coenraad | Jessica Bester | Zandi O'Connel |
|---|---|---|---|
| | Laura-Lee Pieterse | Olivier Kritzinger | Venay Matjala |
| | Maundrey Jantjies | Jaydrian Billet | Chanté Elford |
| | Sarah Labuschagne | Raydeline Stuurman | |

| <u>Tegniesespan</u>: | <u>Verhoogbestuurder</u>: | Kimlynne Majolla |
|---|---|---|
| | <u>Klank</u>: | Sese Khova |
| | <u>Beligting</u>: | Arné Oelofsen en Ayden Maya |

<u>Toneelrepetisieprogram</u>:

| | |
|---|---|
| Donderdag, 13 Julie: | 10:00 – 15:00 |
| Maandag, 17 Julie: | 10:00 – 13:00 |
| Dinsdag, 18 Julie: | 14:30 – 16:00 |
| Woensdag, 19 Julie: | 14:30 – 16:00 |
| Donderdag, 20 Julie: | 14:30 – 16:00 |

Die res van die oefentye word later deurgegee.

6. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023</u>:**
Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

7. **<u>Finansies</u>:**
   - Skoolrekeninge vir Juniemaand is uitgegee en nou betaalbaar.
   - Busgeld vir 3de kwartaal moet asb. teen 31 Julie betaal word.

- Daar is steeds kopieerkoste-/skryfbehoeftegeld uitstaande. Betaal asb. voor einde Julie.

8. **Sport:**

- Uitslae: Gamtoos-Bulletjie- en -Blommetjiedag: Saterdag, 27 Mei:
    - Rugby: 0/7: Wen al hul wedstryde.
      0/8: Wen al hul wedstryde.
    - Netbal: 0/7: Wen al hul wedstryde.
      0/8A: 1 gewen; 1 gelykop, 1 verloor
      0/8B: 1 gewen; 2 verloor

- Uitslae: 0/10- en 0/11-netballigadag:
  Die 0/10- en 0/11A-netbalspanne het op 30 Mei 2023 by HS Paul Sauer aan 'n ligadag deelgeneem. Hulle het teen vyf spanne gespeel.

  Die 0/10's het vyf wedstryde gespeel en drie gewen. Hulle het 'n tweede plek verwerf.

  DIe 0/11's is 'n kookwaterspan en het al vyf wedstryde gewen. Hulle het 'n totaal van 40 doele aangeteken as is as die distrikswenners aangewys. Die naaswenner het maar 'n totaal van 26 doele aangeteken. HS McLachlan se personeel en afrigters is baie trots op hierdie spanne.

- Paul Sauer-Melktandjiesportdag: Saterdag, 3 Junie:
  Op 3 Junie het die 0/7A-, 0/7B-, 0/8A-, 0/8B-, 0/9A- en 0/9B-netbalspanne aan 'n heerlike sportdag deelgeneem. DIe uitslae was soos volg:

| | |
|---|---|
| 0/7A: | 4 gewen |
| 0/7B: | 3 gewen |
| 0/8A: | 1 gewen, 1 gelykop, 2 verloor |
| 0/8B: | 1 gewen, 1 gelykop, 1 verloor |
| 0/9A: | 4 gewen |
| 0/9B: | 3 gewen |

  Rugby:

| | |
|---|---|
| 0/7: | 2 gewen, 1 gelykop |
| 0/8: | 2 gewen, 1 verloor |
| 0/9: | 2 gewen, 1 verloor |

- Netbal:
  Sterkte aan Marnelle Oberholster, Sjanique Alberts en Taryn Uithaler wat tydens die vakansie aan die nasionale "All ages" deelneem.

- Douglastoer:
  Die 0/13-rugby- en netbalspanne het na Douglas in die Noord-Kaap getoer. Hulle het Vrydag, 16 Junie, vertrek. Op Saterdag, 17 Junie, het die spanne Hoërskool Douglas aangedurf. DIe netbal het 34-4 gewen en die rugby het 29-12 verloor. Sondag was die spanne en ouers uit op die Oranjerivier. Maandag is hulle deur Kimberley toe om die Groot Gat te besoek en die middag het hulle teen Laerskool Eureka gespeel. Die netbal het 18-7 gewen en rugby het 35-21 verloor. Dinsdag lê hulle besoek af by die byeplaas. HS Douglas het die 0/13-netbalspan weer uitgedaag en wen McLachlan met 12-6. Op Prieska wen die netbal 34-4 en die rugby wen 26-24. Woensdagoggend was hulle vroeg uit die vere, want dit was huis-toe-gaan-tyd.

herotel

Baie dankie aan al die ouers en afrigters wat die kinders vergesel het. Dit was voorwaar 'n onvergeetlike ervaring vir almal.

Groot dank ook aan die volgende persone:

- elke persoon, ouer en borg vir hul bydrae;
- spesiale dank aan Bennett Wright vir die reëlings en ondersteuning;
- Robin Baldie vir die leen van sy bussie;
- Cornelius en Janine Muller vir die skenk van die skaap en gebruik van hul waentjie;
- Charicka Crous vir die lekker tuisgemaakte produktemandjie en
- Luan Buys vir die bestuur van die bussie.

- <u>Glenwood House</u>:
  Saterdag, 22 Julie, speel die hoërskoolrugby en -netbalspanne in George. Verdere inligting volg.

- <u>Hoërskool Sentraal-interskole</u>:
  Op 28-29 Julie speel die hoërskool skaak, tennis, rugby en netbal op McLachlan se sportveld. Verdere inligting sal volg.

9. **<u>Landsdiens</u>:**
Die volgende leerders gaan vanaf 25 – 30 Junie op die provinsiale kamp:
Melandrie van der Mescht
Jumaré Murray
Ockert Koorzen
Le Roux Muller
Jan Schoeman

Juffroue Nicela Terblanche, Simoné van der Mescht en oom Shaun van der Mescht gaan die leerders vergesel. Ons wens hulle sterkte toe.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit